

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 31: Emor – Spreek, Praat, Sê.

יהוה het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 – PWL<sup>1</sup>.

**Torah:** Lev. 21:1 tot 24:23.

**Haftorah:** Eseg. 44:15 tot 31.

**Nuwe Verbond:** Rom. 12:1–2; 1 Pet. 2:9; Heb 12:14; 1 Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9; 1 Pet. 1:17.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 31 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*Give me one hundred preachers who fear nothing but sin and desire nothing but God, and I care not whether they be clergymen or laymen, they alone will shake the gates of Hell and set up the kingdom of Heaven upon Earth – John Wesley.*

*When there's something in the Bible that churches don't like, they call it "legalism" – Leonard Ravenhill.*

*If Jesus had preached the same diluted message as many churches do today, there's a good chance that He never would have been crucified – Leonard Ravenhill.*

*In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What's left is then the facts – Joseph Dumond.*

*For those who hate truth, truth is hate – Anonymous.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In die vorige Torahskriflesings van Levitikus, naamlik *Vayikra*, was die klem op die onderrig hoe om as ‘n afgesonderde volk van יהוה te lewe sodat God se Gemanifesteerde Teenwoordigheid voortdurend in ons midde kan woon en ons יהוה se seëninge deelagting kan wees! Levitikus is die onderrig in afgesonderdheid, naamlik hoe om afgesonderd vir יהוה as ‘n koninklike priesterdom in hierdie wêreld te lewe!

Die vorige Torahskriflesing: *K’doshim*, wat Afgesonderde Volk beteken, het dan ook begin met hierdie woorde: *Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd* (Lev. 19:1-2).

Om afgesonder te wees, en as afgesonderdes te lewe, is dus ‘n duidelike opdrag van die ou verbond. Daarom word hierdie opdrag telkens in die Torah herhaal, soos byvoorbeeld in Lev. 20:7 en 26:

*Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is יהוה, julle God*

*Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees.*

Hierdie opdrag is steeds van toepassing in die nuwe verbond soos deur die Apostel Petrus bevestig word in 1Pet. 1:13-16.

13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een,

14 soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,

15 maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is

16 omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.”

Petrus brei dan hierop uit en skryf verder:

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ‘n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1Pet. 2:5.

Julle is ‘n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ‘n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig. 1 Pet. 2:9

Open 5: 8-10 bevestig dat יהוה van Sy volk vereis om ‘n afgesonderde koninklike priesterdom te wees. Dit was die opdrag aan die begin en dit steeds die opdrag vir vandag en sal tot aan die einde van dae die opdrag wees!

*A true love of God must begin with a delight in his holiness – Jonathan Edwards*

‘n Baie kort, maar duidelike definisie van afgesonderd vir יהוה is om met respekvolle vrees en nederige eerbied binne יהוה-God se vasgestelde grense te lewe!

Torah is ‘n uiteensetting en verduideliking van יהוה se grense waarbinne ons moet leef. Binne hierdie grense is daar ‘n groot mate van vryheid, maar ook van beskerming en voorsiening. Die grense baken die gebied af waar binne ons rein en afgesonder kan leef. Hierdie grense is egter **nie** onderhandelbaar nie soos wat ons in parashah 26 geleer het toe Nadav en Avihu gesterf het omrede hulle vreemde vuur in יהוה se Teenwoordigheid gebring het! יהוה is die Wetgewer wat die grense vasgestel het en Sy grense is nie onderhandelbaar nie!!

Hierdie vasgestelde grense is terwille van ons en ons verhouding met Vader-God, asook met ons medemens. ‘n Lewe binne hierdie grense is ‘n lewe van oorvloedige shalom, naamlik vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van gees, siel en liggaam.

Vir die wêreld is die Torah-gegewe grense dwaasheid en met menslike wysheid wil die mensdom יהוה se grense verskuif, maar hierdie wêreldgesinde wysheid is dwaasheid by God.

18 Laat niemand homself mislei nie: as iemand dink dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word sodat hy wys kan wees,

19 want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God, want daar is geskrywe: “Hy vang die wyse mense in hulle eie slimmigheid” 1Kor. 3:18-19.

יהוה se vasgestelde grense waarbinne Sy koninklike priesterdom moet lewe is Vader-God se wysheid! Die woorde van Dawid in Ps. 19:7-11 is steeds waar vir יהוה se Torah van die nuwe verbond.

7 Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig.

8 Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevels van יהוה is suiwer: dit verlig die oë.

9 Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig.

10 Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf.

11 Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word. Ps. 19:7-11.

Opsommend is Vader-God se vereiste: *If any are in My house, I will have them clean (kadosh, tahor), because they are there.* As kind en priester is elkeen self verantwoordelik om ‘n rein (*tahor*) en afgesonderde (*kadosh*) status te handhaaf. Torah en die Afgesonderde Gees is daar om ons te help om hierdie status te verkry en te handhaaf.

Ons moet as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek die verantwoordelikheid aanvaar om met die hulp van die Afgesonderde Gees bevry te word van ons sondige verlede en enige bindinge wat daarmee gepaard gaan. Vir die doel moet ons die onderrig en instruksies soos in Torah opgeteken is, en in Yeshua tot volheid gebring is, ken en doen (*sh'ma* en *sh'mar*).

Hoe hoër op in leierskap en geestelike groei beweeg word, en hoe beter die Vaderhart deur openbaring bekend word, hoe groter is die vereiste vir diensbaarheid, toewyding, selfkruisiging, afgesonderdheid (*kadosh*) en reinheid (*tahor*). Dit word bevestig in 1Tim. 3:1-13 en Titus 1:5-9 ten opsigte van die opsiensamp van ouderlinge en diakens en hoe dit ooreenstem met die Levitiese priesteramp van die ou verbond.

*No man should desire to be happy who is not at the same time holy. He should spend his efforts in seeking to know and do the will of God, leaving to Christ the matter of how happy he should be – A.W. Tozer.*

## Bepeins of Bespreek

1. Watter voorbeelde is daar van hoe die mensdom en die Christendom יהוה se grense van rein en afgesonderd verskuif het. Byvoorbeeld: Is יהוה se vasgestelde grense van wat 'n huwelik is verskuif? Wat van יהוה se voedselvoorskrifte en Feestye? Onthou: Om te eet van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad is om te kies om self te besluit oor wat reg (rein, afgesonder) en oor wat verkeerd (onrein, nie afgesonderd) is!

### Moenie יהוה se Naam Onteer Nie!

Eerstens moet ons verstaan wat 'n naam volgens Hebreeuse denke behels. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in Eks. 3:13 tot 22. Moshe wou by die Almagtige weet wat Sy Naam is. Hy wou nie weet wat om die Almagtige te noem nie, maar wou weet wie יהוה is, waar kom Hy vandaan en wat het Hy gedoen. Die Almagtige se reaksie bevestig dit wat Moshe wou weet toe God hom antwoord met: EK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES (vers 14) en dat Hy die God van Avraham, die God van Yitz'gak en die God van Ya'akov is (vers 15). Hy openbaar Homself ook as die Een wat hoor en wat omgee (vers 16), asook die Een wat almagtig is en goeie gawes gee (vers 17). Die Naam van die Almagtige is dus 'n openbaring van Sy hoedanighede (karakter), Sy outoriteit, Sy verbintenis, Sy lojaliteit (getrouheid) en Sy vermoë.

Volgens hierdie beskouing ten opsigte van die Naam van die Allerhoogste kan die mens deur bepaalde handeling die Naam oneer aandoen, naamlik laster (*chillul Ha-Shem*). Die lastering verwys nie net na lastering van die woord (naam) as sulks nie, maar na die lastering van die hoedanighede, aansien, roem, vermoë, outoriteit, getrouheid en verbintenis van die Almagtige deur dit te minag of te ontken of 'af te water'. Die mens se optrede kan egter ook hierdie naam heilig (*kiddush Ha-Shem*) wanneer die hoedanighede, aansien, roem, vermoë, getrouheid en outoriteit van die Almagtige vereer word deur gehoorsamenheid aan Torah.

Aangesien die Almagtige se Naam Sy Karakter en Outoriteit verteenwoordig, moet hierdie Naam met dieselfde respekvolle vrees en eerbiedige nederigheid as die Almagtige self behandel word.

In Lev. 22:2 lees ons 'n instruksie wat verband hou met bogenoemde asook die derde gebod, naamlik: Jy mag die Naam van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie... (Ex. 20:7):

“Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die seuns van Yisra'el wat hulle tot My afsonder sodat hulle My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie oenteer nie. Ek is יהוה.

Die afgesonderde gawes was alles wat יהוה as afgesonderd verklaar het en was dit wat met respekvolle vrees en nederige eerbied hanteer moes word. Hierdie afgesonderde gawes was nie net die fisiese offerandes wat die priesters daagliks gebring het nie, maar ook elke woord uit יהוה se mond was afgesonderd.

Die Levitiese priesters was opgelei en bemagtig met die nodige hulpmiddels, soos die offerandes, om as middelaars op te tree tussen יהוה en die volk. Daarom moes hulle te alle tye rein en afgesonderd wees en streng volgens voorskrif die afgesonderde gawes bring en hanteer! Indien daar afgewyk was van hierdie instruksies sou יהוה se Naam (Karakter en Outoriteit) oenteer word.

Hoekom sou יהוה se Naam oenteer word? Die antwoord is omrede die priesters en die afgesonderde offergawes die beeld van יהוה aan die volk en die vreemdeling gedemonstreer

het. Sou die priesters nie die instruksies aangaande hulself en die offergawes nougeset nagekom het nie, sou die Karakter en Outoriteit van יהוה geskend word.

Aan die Levitiese priesters was die verantwoordelikheid dus toevertrou om יהוה se Karakter en Outoriteit aan die volk en die vreemdeling te alle tye te demonstreer.

As Koninklike priesters van Malki-Tzadek is ons verantwoordelik om die beeld van יהוה aan die wêreld te demonstreer. Dit doen ons deur Torah-gehoorsaamheid van afgesonderdheid en deur die respekvolle vrees en nederige eerbied in die gebruik van die gawes van die Afgesonderde Gees wat aan ons as hulpmiddels toevertrou is (1Kor. 12:1-11). Indien ons nie hierin slaag nie, onteer ons die Naam, naamlik die Karakter en Outoriteit, van יהוה, want gehoorsaamheid en die gawes van die Afgesonderde Gees is ‘n sigbare demonstrasie van die Karakter en Outoriteit van יהוה.

Onthou: יהוה het Sy Torah van die nuwe verbond en die gawes van die Afgesonderde Gees aan Sy volk, naamlik die ware Yisra’el wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een van God is, toevertrou en aan geen ander volk nie!

Glenn McWilliams verduidelik dit soos volg:

*While we may indeed praise YHWH for this honor, we must recognize that by declaring ourselves to be the children of Yisra’el, we are agreeing to carry out this responsibility and live to a greater degree of accountability to the Holy One who has blessed us with this honor. We should also recognize the great cost of our failure to keep our promise. If we are the ones chosen to bear the name and image of YHWH, whatever we say and do is a direct reflection upon the Holy One. If we add to or subtract from the revelation of YHWH we distort, desecrate, destroy, defile, corrupt, and pollute the image of YHWH ELOHIM. When we distort or corrupt the image of YHWH we are guilty of blasphemy and idolatry, but possibly the worse sin is that we lead the world astray. Our calling as the children of Yisra’el is not a calling of privilege for our own sake. We have been called for the sake of the world.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die afgelope jare het ons dikwels sogenaamde herlewings gesien wat gepaard gegaan het met manifestasies van lag, val en dronk in die gees, asook van dieregeluide en vele meer! Is יהוה se Karakter en outoriteit op die wyse vereer of onteer?
2. Die beeld van יהוה kan nie vergestaltung kry in die lewelose of die materiële nie. Dit is slegs die mens wat lewe wat die beeld van יהוה aan die wêreld kan demonstreer. Daarom het Yeshua slegs die werke van die Vader gedoen, want Hy was versigtig met die afgesonderde gawes! In die verband moet ons ook onthou dat die meerderheid lees nie Skrifte nie, maar “lees” ons – ons woorde en optrede! Dit is hierdie beeld van יהוה wat hulle sien!!

### **Ons Taakoms krywing**

Soos ons geleer het in die boek van Levitikus (*Vayikra*) was die Levitiese priesters op grond van geboorte uit die nageslag van Aharon gekies en opgelei en toegerus vir hulle dienswerk. Daar was verskillende take (“bedieninge”) wat aan spesifieke priesters toevertrou was.

As priesters volgens die orde van Malki-Tzedek is ons ook op grond van wedergeboorte as die nageslag van Avraham gekies om opgelei en toegerus te word om diens te verrig in ten minste een van die volgende bedieninge, naamlik: as afgevaardigde (apostel), of as profeet, of

as boodskapper van die goeie boodskap (evangelis), of as herder, of as leermeester (leraar). Ons word toegerus vir dienswerk deur die gawes van die Afgesonderde Gees wat aan elkeen die manifestasie van die Gees gee as hulp, krag en outoriteit. Paulus verduidelik dit soos volg:

- 4 Daar is 'n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is Een.
- 5 Daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar יהוה is Een.
- 6 Daar is 'n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,
- 7 maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.
- 8 Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;
- 9 aan 'n ander vertrouwe in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,
- 10 maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.
- 11 Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil. 1Kor. 12:4-11.

Elkeen ontvang hierdie geestelike gawes om te gebruik om die gemeente mee te dien en op te bou.

Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gawe wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. 1 Pet. 4:10.

As Malki-Tzedek priesters is ons taak die opbouing (stigting) van die gemeente (*ekklesia*) en die uitbreiding van יהוה se Koninkryk. Ons moet die vrede en die opbouing (onderlinge stigting) van mekaar najaag (Rom. 14:19). Dit beteken dat ons onderrig en dade moet bydra tot die bevordering van geestelike groei en geestelike volwassenheid van die gemeente.

Ons bediening en die gemanifesteerde gawe(s) van die Gees wat ons ontvang het, moet aangewend word om die ware tempel van יהוה, naamlik die gemeente – die Liggaam van Yeshua – te bou! Daarom verduidelik Paulus die eenheid wat in die Liggaam van Yeshua moet bestaan, en elkeen se rol as deel van die gemeente, soos volg in 1 Kor. 12:12-25:

- 12want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een,
- 13want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,
- 14want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.
- 15As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
- 16As die oor sou sê: 'Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
- 17As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?
- 18Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.
- 19As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?
- 20Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.
- 21Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'



<sup>22</sup>maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik

<sup>23</sup>en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie

<sup>24</sup>terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee

<sup>25</sup>sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee.

Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is, en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie en in Yeshua moet ons eensgesind wees.

Daarom sê Yeshua ook aan ons Sy priesters (Matt. 20:25 tot 28):

<sup>25</sup> Yeshua het hulle geroep en vir hulle gesê: “Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle,

<sup>26</sup> maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees

<sup>27</sup> en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;

<sup>28</sup> net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as ’n Losprys vir baie te gee.”

As priesters volgens die orde van Malki-Tzedek is ons geroep om te dien en nie gedien te word nie! Ons moet die voorbeeld van ons Meester Yeshua volg (Matt. 20:28)!

Die priesters het die opdrag om ander te leer en moet self dit leef wat hulle ander leer (Lev. 10:10 en 11; Eseg. 44:23 en 24; 1 Tim. 4:12). Ons moet ons daarop toespits om werkers (priesters) te wees wat die boodskap van Waarheid reguit (suiwer) verkondig (2 Tim. 2:15). Daarom moet ons ag gee op die waarskuwing in Matt. 5:20 toe Yeshua gesê dat as ons onpartydige opregtheid (geregtigheid) nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, sal ons sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

‘n Groot gevaar is die gevaar van eie onpartydige opregtheid (Rom.10:1 tot 3). Daarom is die opdrag dat ons eerstens יהוה se onpartydige opregtheid sal soek, dit doen en dit verkondig (Matt. 6:33)!! Die Levitiese priesters was die sinnebeeld van יהוה se onpartydige opregtheid onder die ou verbond en vandag moet die Malki-Tzedek priesters die beeld van יהוה se onpartydige opregtheid van die nuwe verbond wees.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die bou van die derde tempel deur Rabbynse Judaïsme sal in alle waarskynlikheid binnekort ‘n werklikheid word. Dan sal die Levitiese priesterorde en die offerandes volgens die Torah van Moses weer ingestel word. Die vraag is: Aan wie gaan jy jouself onderwerp? Aan die Levitiese priesterorde of die priesterorde van Malki-Tzedek? Gaan ‘n mens jou hoëpriester wees of Yeshua Malki-Tzedek – die Koning van Geregtigheid?
2. Yeshua het aan ons gesê om studentevolginge (dissipels) van al die nasies te maak en om hulle te onderrig sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Hy ons beveel het. Maar Yeshua het geen onderrig aangaande die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees gegee nie! Nee, dit was die taak van die apostels wat daagliks saam met Yeshua gewandel het, en spesifiek die taak van Paulus aan wie Yeshua Homself openbaar het. Is die feit dat Yeshua nie self hierdie onderrig gegee het nie, die moontlike

rede hoekom baie in die Messiaanse Beweging nie hieroor lering gee nie en sommige selfs Paulus verwerp as 'n vals apostel? Diegene met hierdie siening vergeet Yeshua se woorde aan sy dissipels in Joh. 16:12 en 13 wat duidelik sê dat hulle nie gereed is om alles nou te ontvang en te verstaan nie, maar dat die Afgesonderde Gees hulle na Sy hemelvaart in die hele waarheid sal lei. Is hierdie hele waarheid dan nie ook ten opsigte van die vyfvoud-bediening, die gawes van die Gees en die verandering in die priesterorde en offerandes nie?

3. Het die terugkeer na ons Hebreëuse wortels veroorsaak dat die fokus op die bedieninge en gawes van die Afgesonderde Gees as te ware verdwyn het? Is die woorde in Jer. 6:16 ook op ons van toepassing? Moet ons nie ook terugkeer na die ou paaie en na die goeie weg van die gemeente van Handeling en van die apostels nie? Lees die artikel: [In die Voetspore van die Gemeente van Handeling wat afgelaai kan word by hierdie skakel: GB1.16Die VoetsporeGemeenteHandelinge](#)

## Haftorah Bespreking

### Die Seuns Van Tzadok

Volgens Judaïsme is hierdie week se Haftorahskriflesing (Eseg. 44:15 tot 31) 'n heenwysing na die Levitiese priesters in die toekomstige Messiaanse tydperk. Dit verwys na die kinders van Tzadok wat getrou gebly het aan Torah toe Yisra'el afgedwaal het.

<sup>14</sup> Nogtans sal Ek hulle aanstel om verantwoordelikheid te neem oor die huis, vir al sy bediening en vir alles wat daarin gedoen moet word,

<sup>15</sup> maar die Levitiese priesters, die seuns van Tzadok, wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het, moet na My toe naderkom om My te bedien en hulle sal voor My staan om aan My die vet en die bloed te offer,” verklaar יהוה-God Eseg. 44:14-15,

Wanneer Judaïsme verwys na die tydperk van Messias (die Messiaanse Tydperk) dan stem dit ooreen met wat ons as gelowiges in Yeshua, Die Gesalfde Een, die Millennium (Duisendjaar Vredesryk) noem en waar Yeshua as Koning en Hoofpriester sal regeer. Daarom leef ons in werklikheid reeds in die dispensasie van ons Meester, Die Gesalfde Een, en in afwagting vir Sy wederkoms en die aanvang van die Millennium!

Verder leer die Skrifte van die nuwe verbond, veral die brief aan die Hebreërs, dat die Levitiese priesterorde uitgedien is en vervang is met die Koninklike priesterdom van Malki-Tzedek. Daarom is die kinders van Tzadok 'n sinnebeeld van elkeen wat bely dat Yeshua die Gesalfde Een is en wat lewe volgens יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, naamlik die Torah van die nuwe verbond.

Matthew Henry in *Commentary on the whole Bible* skryf die volgende aangaande die seuns van Tzadok:

*Those who have been faithful are honoured and established. These are remarkably distinguished from the other: “But the sons of Zadok, who kept their integrity in a time of general apostasy, who went not astray when others did, they shall come near to me, shall come near to my table.” Note, God will put marks of honour upon those who give proofs of their fidelity and constancy to him in shaking trying times, and will employ those in his service who have kept close to his service when others deserted it and drew back. And it ought to be reckoned a true and great reward of stability in duty to be established in it. If we keep close to God, God will keep us close to Him.*



Wie is die priesters wat getrou gebly het en wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het? Die antwoord vind ons in Eseg. 44:23-24.

23 Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is.

24 In 'n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My voorskrifte moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder.

Die kinders van Tzadok van die nuwe verbond is die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek wat Yeshua as die Ewige Hoofpriester dien in 'n tempel wat nie deur hande opgerig is nie (Efes. 2:20-22).

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Die seuns van Tzadok van die nuwe verbond is elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde van יהוה is en elkeen wat sy verantwoordelikheid neem oor die geestelike huis van יהוה, naamlik vir al sy bedieninge en vir alles wat daarin gedoen moet word. Dit is elkeen:

- ❖ Wat aan יהוה se Torah van die nuwe verbond gehoorsaam is.
- ❖ Wat bereid is om diegene wat bely dat hulle vertrou in Yeshua as Verlosser te leer om te onderskei tussen wat afgesonderd en nie afgesonderd is nie, asook om hulle leer om te onderskei wat rein en onrein is.
- ❖ Wat bereid is om op te staan en te oordeel (besluite te neem en beslissings te maak) volgens יהוה se voorskrifte.
- ❖ Wat יהוה se instellings, insluitend sy Vasgestelde Tye (Feestye) en Shabbatte, sal onderhou.

As seuns van Tzadok bring ons nie meer fisiese offers nie, maar in navolging van Yeshua ons Hoofpriester moet ons bereid wees om ons lewe op te offer tot die uitbreiding van Sy Koninkryk! (Rom. 12:1-2).

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Die boodskap van die ware priesters van יהוה is nie 'n "sagte" evangelie nie. Verwys Heb. 4:12 en 13 – Torah en die Goeie Boodskap is 'n tweesnydende swaard. Verwys Matt. 10:34 – *Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.*

2. Die Levitiese priesters het elkeen ‘n taakoms krywing – ‘n pligtestaat – gehad wat met ‘n “dienskontrak” vergelyk kan word. Elke priester moes sy taak nougeset uitvoer soos bewys word deur die dood van Nadav en Abihu. Het ons as ‘n Koninklike priesterdom van Malki-Tzedek ook ‘n “dienskontrak”? Voer ons elkeen ons taak nougeset uit? Volg ons Yeshua se voorbeeld, naamlik om te dien en nie gedien te word nie (Matt. 20:18)?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*